# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

March / Maart 2020

FOR THE LOVE AND CARE OF FANCY PIGEONS / VIR DIE LIEFDE EN VERSORGING VAN SIERDUIWE




OFFICIAL MOUTHPIECE OF SAFPA / AMPTELIKE MONDSTUK VAN DIE SASV

## Indeks / Index


Editors Page / Redakteur se blad 2
Editorial / Redaksioneel 3
73ste SASV – Kampioenskapskou
Hennie Hattingh 4
Pigeon paramyxovirus type1 - FeatherLove 5
Voorlopige beoordelaarslys SA's 2020
Christo Munnik 7
Newcasle disease - FeatherLove 8
OP Duiwe dag - FeatherLove 9
40 Jaar toekenning vir Johan de Beer
FeatherLove 12
Kropperdag NvdV - Gerhard van Aswegen 13
Duiwedag by Rob Lombaard - Peet Botha 15
Scoreboard and Rules 16


## Birthdays

| | | |
|---|---|---|
| **H026** | **- André Rix** | **- 01-Apr** |
| **C045** | **- S. B. Buys** | **- 03-Apr** |
| **J007** | **- George Bell** | **- 05-Apr** |
| **B019** | **- Willem Swanepoel** | **- 05-Apr** |
| **A008** | **- Rob Lombaard** | **- 11-Apr** |
| **W036** | **- Mari Wessels** | **- 13-Apr** |
| **B086** | **- Jacobus Pieterse** | **- 15-Apr** |
| **K054** | **- G Doubell** | **- 19-Apr** |
| **D021** | **- Herman Wessels** | **- 20-Apr** |
| **K021** | **- Cara-Lee vd Berg** | **- 21-Apr** |
| **W029** | **- Hendri Botha** | **- 22-Apr** |
| **C025** | **- Nesley Topham** | **- 22-Apr** |
| **B020** | **- Chris de Bruin** | **- 22-Apr** |
| **V055** | **- Jacobus Els** | **- 25-Apr** |
| **V056** | **- Elzaan Hamman** | **- 25-Apr** |
| **C019** | **- Ané Raptor Loft** | **- 26-Apr** |
| **C019** | **- Justen Raptor Loft** | **- 26-Apr** |
| **K023** | **- Nikki Koch** | **- 29-Apr** |

## Ill members

***Elsabé vd Walt van die Vrystaat streek het 'n oprasie aan haar voet gehad ons wens haar alle sterkte toe.***
***Tommy Dickson van Oostelike Provinsie streek moet 'n hartomlyning kry maar sukkel met sy longe hou hom in julle gebede asseblief***

## New members

**Gerrie de Beer K057**

## Deaths

***Kobus Swanepoel voormalige lid van die SASV vir baie jare is 19 Februarie oorlede. Sterkte aan sy eggenote Jenny en familie.***

# Gotcha!!!!



***O genade het ek nou die regte ding gesê!!!***



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



**National Editor**

**Cora Munnik**

Hier is ons alweer in die derde maand van die jaar. Baie mense begin al duiwe sorteer vir die jaar se skoue want die eerste skou is alreeds op 4 April en die volgende een op 25 April en dan volg die ander kort op mekaar.

Hier by ons het ons vir die eerste keer in vier jaar 'n klompie duiwe geteel. Ek hoop julle het almal 'n goeie teelseisoen gehad en sommer baie skou-wenners geteel. Baie sterkte aan almal wat gaan skou, mag die beste duiwe wen.

Baie dankie aan elkeen wat na my pleidooi geluister het en bydraes gelewer het. Dit was lekker om die boekie saam te stel sonder om te wonder wat ek gaan plaas. Baie dankie vir wat ek gekry het en asseblief vir nog bydraes.

Onthou asseblief om julle skou uitslae so gou as moontlik te stuur sodat dit verwerk kan word die Sierduif. Julle moet ook onthou dat ons graag foto's van die wen duiwe plaas by die uitslae, so neem asseblief foto's.

Beoordelaars vir die SA Kampioenskap skou is weer hierdie maand deur Christo Munnik die Nasionale Beoordelaarsbeampte geplaas. Lede moet asseblief daarna kyk sodat dit nie vir julle 'n verrassing is as julle by die skou opdaag en sien wie beoordeel julle duiwe nie.

Heelwat beoordelaars is deur die Spesialiteitsklubs genomineer maar daar is ook heelwat van hulle wat Christo self genomineer het om te beoordeel. Die terug voer van die beoordelaars wat hy genomineer het was baie positief en hulle sê dit sal vir hulle 'n eer wees om julle duiwe tydens die SA's te beoordeel.

Ek gaan my beste probeer om die jaar by die SA's uit te kom maar ek weet nie of dit sal realiseer nie. Ons finansies is maar laag en ons het niemand om die duiwe te versorg as ons albei weg is nie maar wie wet dalk is daar tog 'n kans.

Ek sien Awie Esterhuizen het navraag gedoen oor die 2019 bundel van boekies soos die 2018 bundel wat die lede gekoop het. Ek weet nie wie besluit daaroor nie maar dit kan weer gedoen word hier by ons drukkers. Die dagbestuur van die UK moet maar daarna kyk en laat weet asseblief.

Lede moet tog asseblief maar vir my terugvoer gee oor wat hulle dink van die Sierduif. Ek probeer maar my beste en daar is gereeld so twee of drie lede wat darem positief antwoord op die inhoud. Ek sal regtig negatiewe en positiewe kommentaar verwelkom. Matt Willemse lewer darem kommentaar as hy die kans kry om die boekie op die toilet te lees. Dankie Matt.

Groete van hok tot hok.


**Advertisement Costs**

**Businesses and non SAFPA members**

**Quarter page - R250 - Half page - R450 - Full page - R850**

**SAFPA members R100 - Quarter page**


**Banking details**
**Account Name SAFPA**
**Standard Bank Tyger Manor**
**Branch Code 05-04-10-41**
**Account Number 272 692 794**

**National Ringmaster**
**Available**
**Monday to Saturday**
**08:00 to 20:00**
**Sunday after 14:00**


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



***73ste SASV – Kampioenskap-skou 22 tot 27 Junie 2020 te Odendaalsrus Laerskool Odendaalsrus***

***Ds Hennie Hattingh***

## Belangrike Inligting vir Vertoners

• 22 Junie 2020: Inhok van duiwe vanaf 14.00

• 26 Junie 2020: Uithok van duiwe vanaf 16.00.

Duiwe kan tot Saterdagoggend 27 Junie 2020 nie later as 08.00 uitgehok word.

• Beoordeling van duiwe: Woensdag 24 Junie 2020.

• Inskrywingsgelde: R15:00 per duif.

• Administrasiefooi: R20:00 per vertoner.

• Verkoophokke @ R15:00 per hok waarin eenduif geplaas kan word sal beskikbaar wees.

• Dinsdagaand 23 Junie 2020 en Woensdagaand 24 Junie 2020 sal 'n braai aangebied word teen R30:00 per persoon.

• Donderdagaand 25 Junie 2020: Afsluitingsfunksie @ R150:00 per persoon.

• Koshuisverblyf @ R150:00 per persoon per nag is beskikbaar wat 'n ontbyt by die skousaal insluit.

• Veilige parkering ten alle tye beskikbaar.

• Sluitingsdatum vir inskrywings: 24 Mei 2020 om 23:59.

**GEEN INSKRYWINGS NA HIERDIE DATUM EN TYD SAL AANVAAR WORD NIE.**

Alle inskrywings sal per sms erken word en hoknommers sal betyds aan vertoners met 'n werkende epos-adres gestuur word.

• Die nuwe 2020 – skouskedule word gebruik vir inskrywings. Let wel: die volgorde is: JW – JM – OW – OM. Die nuwe skouskedule is op die web beskikbaar. Indien u sukkel om een te bekom, vra een aan by Ds Hennie Hattingh by epos-adres henniehattingh703@gmail.com wat dan een vir u per epos sal aanstuur.

• Inskrywingsvormssalbinnekort op die web beskikbaar wees. Alle besprekings vir verkoop hokke, etes, koshuis verblyf, en so voorts sal op die inskrywingsvorm gedoen kan word. Indien u 'n inskrywingsvorm per epos wil ontvang, vra een aan by Ds Hennie Hattingh by bogenoemde epos-adres en dit sal met graagte aan u gestuur word.

• Bewys van betaling moet ook saam met die inskrywing gestuur word aan die epos-adres soos op die inskrywingsvorm verskyn. Sonder bewys van betaling sal die inskrywing nie aanvaar word nie.








**South African Rare Breeds Club**
**Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**

Julie 2019


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873



## *Pigeon paramyxovirus type 1:*

***From Internet FeatherLove Danie & Pearl Strydom***

### • Induction:

Pigeon paramyxovirus type 1 (PMV1) is an infectious viral disease affecting pigeons. PMV1 is also known as avian paramyxovirus type 1. In August 2011, PMV1 was first detected in pigeon lofts in the Melbourne area Australia. PMV1 has been confirmed in Racing and Fancy Pigeons across the world. The PMV1 virus is now considered established in Australia. Human infection with PMV1 is rare and usually occurs only in people who have close, direct contact with infected pigeons. The virus causes only mild flu-like symptoms.

**• What clinical signs are seen in pigeons?**

Pigeons affected by PMV1 are reluctant to leave the loft when released for exercise and appear a bit "fluffed up" and "off colour".

Other clinical signs of PMV1 include:
1. High number of affected pigeons.
2. High number of deaths (up to 100% in some lofts).
3. Loss of appetite.
4. Increased thirst.
5. Lethargy.
6. Respiratory signs e.g. laboured breathing.
7. Greenish, watery diarrhoea.
8. Vomiting or regurgitation.
9. Neurological signs (head shaking, circling, head persistently turned to one side).

There is no specific treatment for PMV1. Infected pigeons often die within 72 hours, but may survive with supportive therapy e.g. electrolytes, acidifying agents, robotics. The addition of electrolytes to the drinking water is the most effective treatment. Control of other diseases that may be affecting the pigeons is also important.

A milder version of the disease has also been identified in domestic pigeons. This primarily occurs in younger pigeons that have not yet received two vaccinations, but also occasionally in older birds if annual booster vaccinations have been delayed. Similar clinical signs are seen (with minimal neurological signs), but less pigeons are affected and symptoms are less severe. Most pigeons recover with supportive therapy.

**• How will my veterinarian diagnose PMV1 in my pigeons?**

Confirmation of PMV1 infection requires a laboratory diagnosis. Separate tracheal (or pharyngeal in live birds) swabs and cloacal swabs should be placed in virus transport medium i.e. phosphate buffered gelatine saline (PBGS) and submitted.

**• How does PMV1 spread?**

PMV1 is highly infectious and transmitted easily between pigeons. PMV1 is usually spread by the movement of pigeons, but it can also be carried in eggs. Infected pigeons may shed the virus in their faeces and other discharges contaminating the environment (including feed, water, equipment and human clothing), which allows transmission to other pigeons. PMV1 can survive in the environment for several weeks.

**Factors that can lead to spread of disease include:**
1. Contact with infected pigeons (including strays or feral pigeons.
2. Contact with contaminated travelling boxes or transporters that have not been cleaned and disinfected adequately.

Old German Owl Club • S.A.F.P.A Specialist Club •

**President**
**Chris de Bruin**
**Tel: 012 819 1594 (na ure)**
**012 420 0181 (kantoor ure)**
**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**

**Sekretaris**
**Peet Botha**
**Sel: 082 467 0996**
**e-mail: peetsandra@vodamail co.za**

Februarie 2020




Desember 2019

## *Ons verkoop*

*Verskeie Duiwekosse*

*Groot verskeidenheid Duiwemedisyne*

*Skulpgruis (Grid) vir Voëls & Duiwe*

*Verskeidenheid Kos en Waterbakke*

## *Asook*

*Voëlsade - Voëls en Visse*

*Alle Troeteldierbenodigdhede*

3. Shared drinking water or food in lofts and transporters.
4. Virus carried by clothes, hands and footwear of loft visitors.

**• What can I do to prevent PMV1 in my pigeons?**
Simply bio security measures that can be implemented to prevent the introduction of PMV1 into lofts include:

1. Prevent feral pigeons from having contact with your pigeons.
2. Prevent feed and water being contaminated by feral pigeon faeces and other discharges.
3. Limit unnecessary visitors to your pigeons.
4. Isolate introduced pigeons (including strays and any pigeons returning from show or race) for at least 2 weeks before introducing them to your loft.
5. Attend to introduced pigeons last each day and ensure clean clothing/footwear before attending to loft pigeons the next day.
6. Keep lofts and equipment clean.
7. Practice good hygiene when attending bird shows, auctions and other lofts.
8. Wash your hands and clean clothing/footwear after visiting other lofts.
9. Clean and disinfect equipment used to house, transport feed and water pigeons.

Detergents e.g. washing-up liquid, laundry detergent and car/truck wash detergents can be used to loosen and remove dirt prior to disinfection. In order to be detergents must have a contact time of at least 15 minutes before washing off.

**• Can pigeons be vaccinated against PMV1?**
Yes. There is a registered inactivated (killed) vaccine available that can aid in thr control of PMV1 in pigeons. It is important to follow the manufacturer's instructions for storage and use of the vaccine. It is recommended that organisers of pigeon races and shows ensure that only healthy vaccinated pigeons are allowed to participate at these events.





## *Voorlopige beoordelaarslys vir die SA Kampioenskapskou 2020 in Odendaalsrus*

***Saamgestel deur***
***Christo Munnik***
***Nasionale Beoordelaarsbeampte***

## Rasse ingedeel by beoordelaars

| Beoordelaar | Ras | Alternatief |
|---|---|---|
| Chris de Bruin | Chinese Owl | Geen |
| | Carrier | Bertie Wessels |
| | Fantail | |
| Gert Venter | Dragoon | Ds Hennie Hattingh |
| | Polish Lynx | Geen |




**GJ van Aswegen**
**Teel met Norwich Croppers en Working Homers**
**Kontak besonderhede:**
**Sel: 082 921 1747**
**e-mail: gjtlofts7@gmail.com**



Januarie 2020





Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

| | | |
|---|---|---|
| Harry Munnik | Barb | Junior van der Walt |
| | Arabian Trumpeter | Geen |
| | Birmingham Roller | At van Jaarsveld |
| Rob Lombaard | Indian Fantail | Geen |
| | Holle Cropper | Geen |
| Peet Botha | Jacobin | Geen |
| | Nun | Geen |
| | Starling | Geen |
| | Danish Suabian | Geen |
| | Swiss Mondain | Geen |
| | Magpie | Geen |
| | Helmet M/F Crested | Geen |
| | Helmet M/F Plain Headed | Geen |
| Marleen Esterhuizen | Frillback | Geen |
| Awie Esterhuizen | SA Botternek Tumbler | Geen |
| | Damascene | Geen |
| Pierre le Roux | Cauchois | Geen |
| | Dutch Highflyer | Geen |
| | Magnum | Geen |
| Bertie Wessels | Old Dutch Capuchine | Geen |
| | Domestic Showflight | Geen |
| | Gimpel | Geen |
| | Felegehazaer Tumbler | Geen |
| | Portuguese Tumbler | Geen |
| | Muffed Ice Pigeon | Geen |
| Junior vd Walt | Swallow Silician | Geen |
| | Swallow Fairy | Geen |
| | Stargard Shaker | Geen |
| | Runt | Geen |
| Gerhard van Aswegen | Maltese | Geen |
| | Dutch Cropper | Geen |
| | German Beauty Homer | Geen |
| Christo Munnik | Syrian Dewlap | Geen |
| | Mookee | Ds. Hennie Hattingh |
| | King | Geen |
| Wikus van Niekerk | Lahore | Geen |
| | Gros Mondain | Geen |
| Pieter Neethling | Brunner | Geen |
| | Modeneser | Jan Lombard |
| Jan Labuschagné | Voorburg Shield Cropper | Geen |




**South African Blower Club**
**Suid-Afrikaanse Blaasduif Klub**
**Established *** 1988 *** Gestig**

**We promote the following Blower Breeds**
**Ons bevorder die volgende Blaasduif Rasse**



**Brunner Pouter, Norwich Cropper, Dutch Cropper, English Giant Pouter, Pomeranian Pouter, Holle Cropper, Pigmy Pouter, Reversewing Cropper, Ghent Cropper, Czech Ice Cropper, Voorburg Shield Cropper, Gorguero Pouter, Elster Cropper, Hana Pouter, Bavarian Pouter, Saxon Cropper, Marchenero Pouter, Lille Pouter, Canaria Cropper, Thuringian Cropper, Valenciana Pouter**

**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Jan Labuschagné Cell: 083 491 2919**
**Sekretaris: Dirk Scholtz - Cell: 082 452 4229**

Julie 2020



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

| | | |
|---|---|---|
| | Norwich Cropper | Geen |
| Jan Lombard | Modena | Geen |
| | Komorner Tumbler | Geen |
| | Polish Helmet | Geen |
| Ds Renier Lee | Working Homer | Geen |
| | American Giant Runt | Geen |
| Dr Koot Serfontein | Showracer | Geen |
| | American Giant Homer | Geen |
| | Satinette | Geen |
| | Blondinette | Geen |
| | African Owl | Geen |
| | Italian Owl | Geen |
| Chris van der Walt | Ancient Tumbler | Geen |
| | English Shortface Tumbler | Geen |
| | Vienna Shortface Tumbler | Geen |
| | Vienna Longface Tumbler | Geen |
| | Muffed Vienna Longface Tumbler | Geen |
| | Hamburg Schimmel | Geen |
| | Danish Tumbler | Geen |
| | Krasnodarer Tumbler | Geen |
| | Old Dutch Tumbler | Geen |
| | Oriental Roller | Geen |
| | West of England Tumbler. | Geen |
| | Bodemtuimelaar | Geen |
| | English Trumpeter | Geen |
| At van Jaarsveld | SA Distance Roller | Geen |
| Raymond Hohls | American Show Racer | Geen |
| Ds Hennie Hattingh | Old German Owl | Geen |
| Frik Schoeman | Strasser | Gert Venter |
| Hendri Botha | African Toy | Geen |
| Christo Britz | English Cleanleg Longfaced Tumbler | Geen |
| | English Longface Muffed Tumbler | Geen |

| | |
|---|---|
| **Hoof beoordelaar** | Lourens Muller |
| **Alternatief** | Dr. Koot Serfontein |





## *OP Duiwe dag 8 Februarie 2020*

***FeatherLove Danie en Pearl Strydom***

Die tyd vlieg en dit is alweer ons eerste duiwe dag vir die jaar by Herbie en Gretha Howie in Blue Water Bay. Die opkoms was bevredigend en ons was 13 lede en almal saam was 21, daar is lede wat verskoning gemaak het as gevolg van verjaarsdag, eerste duiwe resies en dan natuurlik die lede wat vêr bly. Ons verstaan dit is nie altyd moontlik om meer as 300km na 'n duiwe dag te ry nie. Die weer het mooi saam gespeel en ons het 'n baie lekker sonskyn dag gehad. Die lede wat op gedaag het, het die dag lekker gemaak. Gawie het vir die eerste keer 'n duiwedag bygewoon as gevolg van sy werks omstandighede.




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Die dag is  begin met terugvoer van die Uitvoerende Komitee vergadering. Daarna het ons die lede meegedeel dat ons ‘n prys gaan gee vir die persoon wat die wen duif van die dag kan aanwys. Daar was omtrent 20 Birmingham rollers, 3 Fantails en 1 Laced Fantail gewees.

Tommy Dickson het begin om die Birmingham Rollers se standaarde te verduidelik. Van die kop, die stert wat nou moet wees, die vlerke, oë, bors en die lyf. Daar is geleentheid gegee vir vrae en van die ander lede het ook lekker aan die gesprek deel geneem en die manne wat nie mooi verstaan het nie verduidelik. Duiwe is uit gehaal om hulle mooier te verduidelik.



Daarna het Danie Strydom die Fantails se standaarde verduidelik, gewys hoe die sterte gevleg word as ook die Lace Fantail aan lede bekend gestel wat nuut was vir sommige lede. Die lede is die geleentheid gegun om mooi die duiwe deur te gaan en ‘n stukkie papier is aan elk gegee om sy wenduif en sy naam op te skryf.

Intussen het ons twee lede wat kennis het gevra om hulle wen duif te kies. Al die papiertjies is in gegee en die wenduif was ‘n wit mismerk Fantail. Tommy Dickson was die enigste een wat die wen duif reg gekies het en Pearl het aan hom sy prys oorhandig.

Na die speletjie het Herbie Howie die vure aan gesteek en van die manne het het nog by die duiwe gedraai en Gawie het soveel as moontlik kennis



prober opbou om baie vrae te vra hoe hy sy stoet kan verbeter, die manne was nie skaam om kennis te teel nie. Toe die vure reg was het almal begin braai en verder lekker gesels en gekuier om die braai vleis vure. Van die dames het slaaie gemaak en almal het gaan opskep en rustig vreetsaam verkeer.

Na die ete het die manne en manninne weer die



koeltes gaan opsoek en almal het lekker gekuier. Na ‘n rukkie het Gawie mooi in gepas en ons almal




**Chris de Bruin**
**Teel met Cauchois, American Giant Runt, Strasser, Swiss Mondain & Gros Mondain.**
**Kontak besonderhede:**
**Tel: 012 8191594  (n/u), 012 4200181 (k/u), e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za  of tiaandebruin@hotmail.com**



Februarie 2019



**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/  Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**



laat skaterlag met al sy sêgoed en grappe. Ek het hom sommer ons eie Tolla van der Merwe en Jan Spies gedoop. Die ander lede het niks gepraat of gesê nie, net na hom sit en luister en natuurlik het die trane geloop van die lag. Ek sal een van sy stories met die res van die duiwe familie deel, maar die ander word aangeteken om in ons Oostelike Provinsie streek se grapboek te kom wat ons gaan publiseer om geld in te samel vir ons streek.

Gawie vertel ons dat hy by sy huis dokter was. Die dokter was baie goed en nadat sy hom ondersoek het, sê sy dat sy 'n diagnose gemaak het en dat dit nie goed lyk nie. Hy vra toe die dokter wat fout is en sy sê dat sy liggaam besig is om sy maag te verwerp, dit is hoekom die liggaam die maag weg stoot. Na 'n ruk wat hy die diagnose deur dink vra hy die dokter dink dokter dit is 'n kroniese toestand en die dokter antwoord toe, ja dit is 'n kroniese toestand en Gawie sê vir haar, daar is dan niks wat ek daar aan kan doen nie, gelukkig dek my medies kroniese siektes ook. Daar is ook gepraat oor fonds insameling vir die klub en Boytjie Rudman het vir die klub rubber neste geskenk om te verkoop en ook Norwich Kroppers geskenk om ons klub se fondse te laat groei. Almal is positief en die boekies vir die Rampfonds is genoem en lede het boekies gevat om te verkoop om in aan merking te kom om die "Krismis" koek te wen. Daar is glad nie 'n tekort aan belangstelling en positiwiteit van die lede nie.

Dit was weereens 'n baie lekker dag wat spandeer is saam met die duiwe familie en die eerste mense het so 16h00 vertrek en ons ander het 17h00 ons goed bymekaar gemaak en die pad huis toe aan gedrurf, daar was natuurlik so paar wat nog gekuier het. Ons as klub wil vir Herbie en Gretha baie



dankie sê vir hulle huis wat hulle vir ons oop gestel het vir die duiwe dag en hulle gasvryheid. Die poeding was ook uit die boonste rakke en julle mag weer so maak en vir al die dames wat slaaie gemaak het, baie dankie vir julle opofferinge ook.

Sien julle weer die 28ste Maart by Johan Botha se huis op Greenbushes. Alle voorspoed met verveertyd, die seleksie en voorbereiding vir die skoue aan al die lede.




**MODENESERKLUB VAN S.A.**
**President: Jan Lombard - 083 274 1014**
**Sekretaris/Tesourier: Wim van Rensburg - 084 504 2928**
**DIE PERFEKTE RAS:**
**Top kwaliteit EuropeseBloedlyne (6x top-7 in 2 jaar), Elegansie, Vrugbaarheid, Kleurverskeidenheid, Goeie Voerders, Invoerstrategie om Top Duiwe binne alle lede se bereik te plaas.**
**What do you get when you combine long legs, beauty, elegance and curves?**
**The perfect bird!**
Julie 2019


Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## *40 Jaar toekenning vir Johann de Beer*

***FeatherLove***
***Danie en Pearl Strydom***

Ek en Pearl het die eer gehad om Johann de Beer se 40 jaar lidmaatskap sertifikaat aan sy vrou, Doreen de Beer te kon oorhandig. Pearl het met Doreen gepraat in Desember om te hoor wanneer ons by haar ‘n draai kan maak, want ons het iets vir haar. Sy was by haar dogter op daardie tyd in Engeland en het gesê sy sal ons laat weet as sy terug in Suid Afrika is. Sy het met Pearl kontak gemaak die middel Januarie op ‘n Maandag en ons het met haar gerëel dat ons die Dinsdag na werk by haar sal ‘n draai kom maak.



Die Dinsdag toe ons daar aan kom was die serifikaat in ‘n koevert en Pearl het dit vir haar gegee, sy het dit op die kombuis kas gesit en ons het langs die kombuis tafel gesit en kuier, sy het ons vertel van Johann se stories, haar vakansie in Engeland en nog baie meer. Sy het koffie gemaak en koek gesny en ons het lekker gesels. Sy en Pearl het later die geselskap oorgeneem, want hulle altwee was verpleegsters en dan ook het altwee van Durban gekom. Hulle het soos ou kennisse gepraat of hulle mekaar al donkie jare ken, maar het mekaar eers nou vanaand ontmoet.

Na amper twee ure se gesels het ons gesê ons moet huis waards keer, en Pearl het vir haar gesê sy moet die ding uit die koevert haal. Toe sy die




raam uithaal en die sertifikaat sien, was daar trane in haar oë en sy het gesê dat Johann so trots op die sertifikaat sou gewees het. Sy sê dat hy net ‘n paar maande te vroeg weg is om die sertifikaat te kon ontvang. Sy het ook vertel dat hy so uitgesien het na die koms van sy klein kind, maar het dit ook met so twee maande gemis, want die klein kind is so twee maande na Johann oorlede is gebore.

Ek het gesit en dink hoe trots Johann op sy sertifikaat sou gewees het, want 40 jaar is nie vir almal beskore nie. Doreen het nog vir ‘n half uur wat ons daar was die sertifikaat vas gehou en ek kon sien hoe sy gereeld na dit gestaar het en die trane het geloop.



*Johann en Doreen de Beer*

Toe ons groet om te ry, het sy in die gang gewys waar sy ‘n plekkie gaan maak om die sertifikaat op te sit, sodat almal wat inkom dit dadelik kan sien. Mens kon die trots in haar stem hoor toe sy van Johann en sy duiwe gepraat het. Sy het ons ook meegedeel dat Johann ‘n wonderlike mens was, maar kon ook net so regte korrel kop gewees het.

By die kar toe ons ry, het sy gesê dat ons weer moet kom kuier en dan sal sy ons nog van die stories vertel. Ek en Pearl het besluit ons sal wel weer vir haar gaan kuier en sy is mos immers een van ons geliefde duiwe vriende se vrou gewees. Ek glo daar waar Johann ookal was en gesien het hoe sy vrou die sertifikaat ontvang het, het hy ook ‘n traan gepik en glo hy het gewens dat hy die sertifikaat ook kon vas hou.

Ons sal Johann altyd onthou met die glimlag en die Castle Lite in sy hand.

Baie geluk met die 40 jaar Johann, ons is trots op jou.





## *Kropperdag Noord-van-die Vaal*

***Gerhard van Aswegen***

Na verskeie pogings om ‘n Kropperdag aan te bied het die dag gerealiseer. 8 Februarie 2020 trek daar sowat 20 Kropper entoesiaste bymekaar op Henly-on-Klip by Rob Lombaard.

Die Here seën ons met deurdringende reën, maar dit het klaarblyklik nie die opgewondenheid oorskadu nie. Vanuit die uithoeke van Suid Afrika kom die manne bymekaar,  Nelspruit, Klerksdorp, Jeffreysbaai, Pretoria, Welkom en die hele Gauteng. Almal geniet die warm verwelkoming van Rob en sy vrou en geniet koffie op hierdie geskiedkundige dag.

## Noord van die Vaal tree as gasheer op.

### Norwich Cropper

Besprekings rondom Kroppers ingeheel as die agenda vir die dag maar ons het lede genooi om enige ras te bring vir evaluasie. Rondom 09:00 begin ons met die bespreking van die Norwich Cropper deur een van die beste kenners in die land Ds. Renier Lee. Uit die staanspoor was dit duidelik dat daar ‘n probleem is tydens die beoordeling van die ras. Ds. Lee Verduidelik dat daar ‘n positiewe gesindheid moet wees tydens die beoordeling hier.



Punte van belangrikheid moet as volg wees:
Krop 34%
Bene 14%
Lyf 12%
Bib 9%
Hy lê klem op die aksie van die Kropper – balans, “performance” onder beheer. Lang en kortbene is altyd ‘n punt vir bespreking maar Ds. Renier het



**Die manne luister aandagtig na wat Ds Renier Lee te sê het**

deur middel van ‘n 9.5mm sosatiestokkie bewys dat al die Kroppers op die vertoontafel nie een te kort bene het nie. Hy het nog nooit ‘n Kropper gekry wat se bene te kort is nie. Alles is ‘n optiese illusie.

NB – in die standaard is daar geen diskwalifikasies nie.

Beoordeel positief!!!

### Holle Kroppers

Peet Botha praat met die groep rondom die afrigting van Holle Kroppers. Hy beklemtoon die feit dat Holle Kroppers nie ander duiwe moet sien gedurende beoordeling nie daarom die skerms in die hokke. Om Holle Kroppers optimaal te vertoon verg egter baie afrigting om sodoende die duiwe gedurende beoordeling die regte houding te laat hou vir ‘n redelike lang tyd.

**Belangrik hier is:**

Lyn van die oog deur die bal van die voet
Stert moet bo die horisontale lyn heeltyd gedra word
Vlerke moet nie kruis nie
Die duif se vorm van die kant af so rond as moontlik
Van voor af so breed as moontlik

Duiwe ouer as 6 maande presteer altyd beter omdat hulle meer beheer oor hulle kroppe het.
NB – Die skets in die huidigestandaardboek is nie reg nie.

### Hollandse Kropper

Jan Labuschagné vertel ons meer oor die geskiedenis rondom die Hollandse Kroppers. Hy deel ons ook mee dat daar baie jare laas enige nuwe teelmateriaal uit Europa ingevoer is. Suid Afrika het egter baie goeie Hollandse Kroppers in teenstelling met die res van die wêreld.

**Belangrik hier:**

Die duif moet ‘n 45° of minder hoek met sy lyf vorm
Die hakke (hocks) moet toe wees
So breed as moontlik oor die skouers
Nie te lank nie
Krop uit die bors
Blaas nie noodwendig sy krop op nie maar speelheeltyd daarmee
Vlerke styf op die rug

Na al die besprekings wat baie positief afgeloop het bring die groep ook ander duiwe om geklas te word.

Ons sluit af met ‘n braai en kuier gesellig saam.





## *Duiwedag by Rob Lombaard*

***Peet Botha***

Die duiwedag by Rob Lombaard was baie leersaam en ek het die dag baie geniet. Ek was ook baie opgewonde om weer saam met ander telers te kon kuier en te hoor wat was die sukses van die afgelope jaar se broeiseisoen. Dankie aan Rob en Chantelle Lombaard vir julle gasvryheid. Ek het ook oor Holle Kroppers gesels en my ervaring gedeel.

**Hoe ervaar ek die Holle Kroppers:**

Vir ‘n geruime tyd het ek die Holle Kroppers se gedrag bestudeer om meer van hulle te weet. Wanneer hulle teel gee die mannetjie al sy aandag aan sy wyfie en kuikens. As hy in ‘n skouhok kom, blaas hy nie sommer of gaan in aksie nie.

Na die broeiseisoen in Februarie word die duiwe geskei. Hierna, wanneer die mannetjies alleen in ‘n hok is, spoor hulle mekaar aan en begin blaas.

Die jong mannetjies word saam met die ouer duiwe gehok. Hulle begin van 5 tot 6 maande blaas en hulle afrigting kan dan begin word.

Hulle bevrugting is deurgaans goed en hulle is baie goeie ouers.

**Skouvoorbereidingenklas van Holle Kroppers:**

Holle Kroppers skou elkeen in sy/haar eie skou hokke en hulle moet mekaar nie kan sien nie. Die binnekant van die hokke moet individueel afgeskerm word. Die skouhokke moet gerond wees aan die agterkant sodat die duiwe nie in die hoeke kan staan nie.

Gedurende die tydperk wanneer die duiwe na die skouhokke geneem word om te klas of begin met die afrigting, moet ‘n vierkantige houtblokkie of steen in die die hok geplaas word. So klim die Holle Kropper op die blokkie en leer om in die middel van die hok te staan.

Ek het 10 hokke waarin ek die mannetjies en wyfies elke dag roteer in sessies van ongeveer 4 ure.



Met die klas van jong duiwe in die klein hokkies word gekyk na duiwe wat nie in aksie wil of kangaan nie, nie blaas of die stert nie goed bo die horisontaal lig nie of ‘n smal borskas het. Sulke duiwe word uitgegooi.



Drie weke voor die skoue word die blokkies uit die skouhokke gehaal.  Gewoonlik is die duiwe gemaklik om dan in die middel van die hokkie te staan.



# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R200 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Score board

### Bank OFS Shield

| | | |
|---|---|---|
| 1. | North-of-the-Vaal: | 2542 |

### Manie Fourie Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Western Transvaal: | 2336 |
| 2. | Northern Freestate: | 1290 |
| 3. | KwaZulu-Natal: | 1250 |
| 4. | Eastern Province: | 1150 |
| 5. | Eastern Region: | 650 |
| 6. | Northern Cape: | 400 |
| 7. | Freestate: | 0 |
| 8. | Western Cape: | 0 |
| 9. | SW Districts: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. Die streek met die meeste punte wen die BANKOVS skild en die tweede beste streek wen die Manie Fourie trofee./To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above. The best Region win the BankOFS Shield and the second best Region win the Manie Fourie trophy.**

### Bertie Wessels Trophy

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Weskaap: | 850 |

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan slegs oor punt 9 van die reëls./The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9 of the rules**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229